



BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

STUDIEBEURS GELEENTHEDE 2019

Bergrivier Munisipaliteit is verbind tot vaardigheidsontwikkelingsgeleentehede vir die breër gemeenskap van die Bergrivier munisipale gebied. Die munisipaliteit bied die geleentheid aan Suid-Afrikaanse burgers, wat permanent woonagtig is in die Bergrivier munisipale gebied, tot tersiêre opleiding en het die Raad fondse in sy 2018/2019 begroting bewillig vir die beskikbaarstelling van studiebeurse.

KRITERIA VIR SELEKTERING IS SOOS VOLG:

- Keuring van 'n suksesvolle kandidaat sal op grond van akademiese meriete en inkomste van beide ouers geskied, met spesifieke fokus op behoeftige families;
- Applikant moet by 'n geakkrediteerde tersiêre instansie in Suid-Afrika studeer;
- Dit is die verantwoordelikheid van die applikant om toelating van die tersiêre instansie te verkry en bewys te kan lewer;
- Suksesvolle beurse sal direk aan die tersiêre instansie betaal word.

DIE BEURS KAN AANGEWEND WORD VIR:

- Klasgelde; en/of
- Registrasiefoeie; en/of
- Akkommodasie.

DIE VOLGENDE DOKUMENTASIE MOET U AANSOEK VERGESEL:

- Voorgeskrewe beursaansoekvorm, beskikbaar op die munisipale webtuiste (www.bergmun.org.za) of by die Menslike Hulpbrondienste Departement te Piketberg of by die munisipale ontvangskantoor van elke dorp;
- Motiveringsbrief van 150 woorde om u aansoek te ondersteun;
- Volledige curriculum vitae van applikant;
- Gesertifiseerde afskrifte van beide ouers se inkomste;
- Gesertifiseerde afskrif van Graad 12 of mees onlangse tersiêre uitslae;
- Gesertifiseerde afskrif van Suid-Afrikaanse identiteitsdokument;
- Bewys van registrasie by tersiêre instansie;
- Bewys van permanente woonadres binne Bergrivier munisipale gebied.

Volledige aansoeke moet per hand ingehandig word by die verskeie munisipale kantore (Piketberg, Porterville, Velddrif, Eendekuil, Aurora, Redelinghuys, Goedverwacht), vir aandag Mnr. JWA Kotzee (Direkteur: Korporatiewe Dienste), om hom te bereik nie later nie as die sluitingsdatum. Navrae kan gerig word aan Mnr. D Boumeester by tel. nr. 022 913 6000.

GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE AANSOEKE SAL AANVAAR WORD NIE.

SLUITINGSDATUM VIR ALLE AANSOEKE: DONDERDAG 31 JANUARIE 2019 OM 15:30